

## Amos 4

1 Hoor hierdie woord, koeie van Basan, wat op die gebergte van Samaría is! Wat die armes verdruk, die behoeftiges hard behandel; wat aan hulle here sê: Bring aan en laat ons drink! 2 Die Here HERE het gesweer by sy heiligheid: Kyk, daar sal dae oor julle kom dat hulle julle met hake sal optrek en die wat van julle oor is, met vishoeke. 3 En julle sal deur bresse in die muur uittrek, elkeen sonder om weg te kyk, en julle sal weggewerp word na Harmon, spreek die Here HERE.

4 Kom na Bet-el, en sondig! Na Gilgal, sondig nog meer! En bring julle slagoffers in die môre en julle tiendes al om die derde dag. 5 En laat van wat gesuurd is, 'n loffer rook, en roep vrywillige offers uit, laat dit hoor! Want so is dit na julle sin, kinders van Israel, spreek die Here HERE.

6 Alhoewel Ék julle reinheid van tande gegee het in al julle stede en broodsgebrek in al julle woonplekke – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. 7 Alhoewel Ék die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; 8 en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. 9 Ek het julle met brandkoring en met heuningdou swaar getref, baie van julle tuine en julle wingerde en julle vyebome en julle olyfbome het die sprinkaan verslind – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. 10 Ek het die pes onder julle gestuur, op die manier van Egipte; Ek het julle jongmanne met die swaard gedood saam met die wegvoering van julle perde; en Ek het die stank van julle laer laat opstyg, ja, tot in julle neus – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. 11 Ek het julle omgekeer soos God Sodom en Gomorra omgekeer het, sodat julle soos 'n stuk brandhout was wat uit die vuur geruk is – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE.

12 Daarom sal Ek só met jou handel, o Israel; omdat Ek só met jou sal handel – maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel! 13 Want kyk, Hy wat die berge formeer en die wind skep en aan die mens sy gedagte bekend maak, wat die dageraad duisternis maak, wat op die hoogtes van die aarde wandel, HERE, God van die leërskaer, is sy Naam!.

## 'n Samestelling van Amos 4

1:3-6:14	Profesieë
1:3-2:16	Profesieë teen die nasies
3:1-6:14	Profesieë teen Israel
4:1-13	Tweede strafrede oor vroue, aanbidding en eewilligheid
4:1-3	Oordeel oor die vroue
4:4-13	Oordeel oor Bet-el

### **Amos 4:1-13 – Tweede strafrede oor vroue, aanbidding en eewilligheid**

#### **Amos 4:1-3 – Oordeel oor die vroue (oor hulle ekonomiese uitbuiting)**

**1** Hoor hierdie woord, koeie van Basan, wat op die gebergte van Samaría is! Wat die armes verdruk, die behoeftiges hard behandel; wat aan hulle here sê: Bring aan en laat ons drink! **2** Die Here HERE het gesweer by sy heiligheid: Kyk, daar sal dae oor julle kom dat hulle julle met hake sal optrek en die wat van julle oor is, met vishoeke. **3** En julle sal deur bresse in die muur uittrek, elkeen sonder om weg te kyk, en julle sal weggewerp word na Harmon, spreek die Here HERE.

Hierdie tweede strafrede bestaan uit sewe profetiese aankondigings wat elke keer afgesluit word met die woorde **spreek die Here HERE** of **spreek die HERE**. Vers 12 is die laaste gevolgtrekking en vers 13 is 'n doksologie aan die Here.

Amos begin die tweede strafrede met dieselfde uitroep as die eerste strafrede: **Hoor hierdie woord** (Amos 3:1). Die tweede strafrede begin met 'n woord van die Here teen die vooraanstaande vroue van Israel. Hy noem hulle die **koeie van Basan, wat op die gebergte van Samaría is**.

Basan was in die hoogland oos van die Jordaan wat bekend was as goeie beeswêreld (vgl. Deut 32:14; Ps 22:13; Jer 50:19; Eseg 39:18; Miga 7:14). Meer spesifiek – Basan is oos en noordoos geleë van die See van Galilea – die streek wat vandag bekend staan as die Golan Hoogland. Die streek is uitermate goed vir beesboerdery. Hier was die beeste gesond en vet. Basan was vir beeste soos die paradys.

Die vroue van Israel het die wêreld vir hulleself soos 'n paradys gemaak deurdat hulle **die armes verdruk** en **die behoeftiges hard behandel**. Dit is nie dat die vroue self

direk die armes verdruk het en die behoeftiges hard behandel het nie. Daarvoor was hulle te lui en gemaklik. Hulle is so gemaklik dat hulle **aan hulle here sê: Bring aan en laat ons drink!** Here in hierdie sin verwys na hulle mans. Hulle mans moes hulle bedien soos kelners, sodat hulle met hulle weelderige leefstyl kan voortgaan. En om die weelderige leefstyl van hulle vrouens vol te hou, het die mans die armes verdruk en die behoeftiges hard behandel (vgl. Deut 28:56-57; Jes 32:9-13).

Amos gebruik die woord *here* om aan te dui hoe die rolle heeltemal omgeruil geraak het en die orde in die samelewing omver gegooi het. Die vrouens wat eerder 'n hulp vir hulle mans moes wees, is nou diegene wat deur hulle mans bedien moet word. Dit het daartoe gelei dat die armes en die behoeftiges onder die vrouens van Israel gelyk het.

Oor die onreg wat die vroue van Israel gedoen het, het **die Here HERE gesweer by sy heiligheid**. Die Here sê nie net dat Hy oordeel oor Israel gaan bring nie. Hy sweer dat Hy dit sal doen en Hy sweer by sy heiligheid. Die Here se Woord is reeds vas en seker. Hy lieg nie. Maar om die mens te laat verstaan dat Hy werklik en beslis gaan doen wat Hy gesê het, sweer Hy (vgl. Gen 22:16-17; Jes 62:8; Jer 44:26; Heb 6:16-18). En daarby sweer Hy by sy heiligheid. Aangesien God heilig is, kan Hy die sonde op geen enkele manier verdra of oor die hoof sien nie.

Die oordeel wat oor die Israeliete gaan kom, sal verskriklik wees. Die vyand wat die Here gaan stuur, sal die Israeliete behandel soos wat 'n mens met die karkas van 'n bees doen. Die karkas word met hake opgetrek. Dit is wat met die gestorwe Israeliete sal gebeur. En die wat nog lewe sal met vishoeke opgetrek of weggevoer word.

Argeologiese vondse het afbeeldings ontdek van hoe die Assiriërs met hulle gevangenes gehandel het. Die gevangenes is aan mekaar vasgemaak met 'n tou en 'n hoek deur elkeen se lip<sup>1</sup>. So is die gevangenes van alle waardigheid en menslikheid gestroop en op die lang tog weggelei na die land van die veroweraar.

Wanneer die vyand hulle sal wegvoer uit die stad uit sal die Israeliete **deur bresse in**

---

<sup>1</sup> Leonard W. King, *Annals of the Kings of Assyria*, pp. 116-20, 125-26

**die muur uittrek, elkeen sonder om weg te kyk.** Die muur rondom Samaria sal verwoes lê en die Israeliete sal as gevangenes deur die talle gate in die muur van Samaria weggelei word. Dit sal nie nodig wees om weg te draai na 'n poort nie, want die muur is verwoes.

**En julle sal weggewerp word na Harmon** – die naam Harmon is onbekend. Baie aanvaar dat Harmon 'n alternatiewe spelling is vir Hermon. Die berg Hermon is in die noorde van die Basan streek. Dit is ook in die rigting na Assirië toe. Die Israeliete sal beslis in ballingskap weggevoer word ver van hulle land af. Hulle sal so te sê deur die Here weggewerp word.

#### **Amos 4:4-13 – Oordeel oor Bet-el**

**4 Kom na Bet-el, en sondig! Na Gilgal, sondig nog meer! En bring julle slagoffers in die môre en julle tiendes al om die derde dag. 5 En laat van wat gesuurd is, 'n loffer rook, en roep vrywillige offers uit, laat dit hoor! Want so is dit na julle sin, kinders van Israel, spreek die Here HERE.**

**6 Alhoewel Ék julle reinheid van tande gegee het in al julle stede en broodsgebek in al julle woonplekke – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. 7 Alhoewel Ék die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; 8 en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. 9 Ek het julle met brandkoring en met heuningdou swaar getref, baie van julle tuine en julle wingerde en julle vyebome en julle olyfbome het die sprinkaan verslind – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. 10 Ek het die pes onder julle gestuur, op die manier van Egipte; Ek het julle jongmanne met die swaard gedood saam met die wegvoering van julle perde; en Ek het die stank van julle laer laat opstyg, ja, tot in julle neus – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. 11 Ek het julle omgekeer soos God Sodom en Gomorra omgekeer het, sodat julle soos 'n stuk brandhout was wat uit die vuur geruk is – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE.**

**12 Daarom sal Ek só met jou handel, o Israel; omdat Ek só met jou sal handel – maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel! 13 Want kyk, Hy wat die berge formeer en die wind skep en aan die mens sy gedagte bekend maak, wat die dageraad duisternis maak, wat op die hoogtes van die aarde wandel, HERE, God van die leërskaer, is sy Naam!.**

***Amos 4:4-5 – Huigelary in die godsdienst***

**4 Kom na Bet-el, en sondig! Na Gilgal, sondig nog meer! En bring julle slagoffers in die môre en julle tiendes al om die derde dag. 5 En laat van wat gesuurd is, 'n lofoffer rook, en roep vrywillige offers uit, laat dit hoor! Want so is dit na julle sin, kinders van Israel, spreek die Here HERE.**

**Bet-el** en **Gilgal** was in dié tyd twee heiligdomme in Israel (vgl. Hos 4:15) waarvan Bet-el die gewildste een was. Die Here spreek hier tot sy volk Israel. Op 'n ironies sarkastiese manier spoor Hy hulle aan om na die twee plekke op te gaan. Bet-el was een van die heiligdomme wat deur Jerobeam I, die seun van Nebat, nog opgerig is om te keer dat Israel in Jerusalem gaan aanbid. Die ander heiligdom wat hy opgerig het, was in Dan.

Die offers en aanbidding wat die volk in Bet-el en Gilgal sou bring en verrig, is in werklikheid teen die Here se wil en daarom sonde. Jerusalem was die plek wat die Here gekies het as sy woonplek onder sy volk (vgl. Amos 1:2). Dus is die aanbidding en die offers wat Israel in Bet-el en Gilgal doen en bring net 'n vertoning, want die Here aanvaar dit nie.

Gilgal is die plek waar die volk oor die Jordaan destyds die beloofde land ingekom het. Daar is twaalf klippe op mekaar gestapel as 'n herinneringsteken (Jos 4:20-24). In Amos se dae het die mense graag na hierdie monument gegaan om offers te bring (vgl. Amos 5:5; Hos 4:15; 9:15; 12:11).

**Bring julle slagoffers in die môre en julle tiendes al om die derde dag** – die Here sê dat die volk maar soveel offers kan bring as wat hulle wil – elke môre as hulle wil – en hulle kan die tiende elke derde dag bring – anders as die voorskrif van elke derde jaar (Deut 14:28-29) – dit gaan niks aan hulle verhouding met die Here doen nie. Dit

is alles tevergeefs, want hulle tree teen die wil van die Here op.

Die enigste offer waarby gesuurde brood geoffer mag word, is die maaltydoffer (Lev 7:13). By al die ander offers mag daar geen suurdeeg wees, aangesien suurdeeg in daardie gevalle simbool van die sonde is. Die maaltydoffer was ook bedoel as 'n offer van dank en lof aan die Here (Lev 7:12).

Die woorde **en laat van wat gesuurd is, 'n loffer rook** dui dus daarop dat die volk maar soveel lof en dank aan die Here kan bring as wat hulle wil en hulle kan soveel **vrywillige offers uitroep** as wat hulle wil. Net soos die slagoffers en tiendes gaan dit niks aan hulle verhouding met die Here doen nie. Israel het daarvan gehou om offers aan die Here te bring. Maar hulle offers beteken niks nie, aangesien hulle nie die Here wil gehoorsaam wanneer dit kom by die armes nie. Hulle bring graag die offers en terselfdertyd verdruk hulle die armes.

Israel het daarvan gehou om offers te bring, want dit het hulle goed laat voel. Diens aan die Here is nie bedoel om die aanbieder goed te laat voel nie. Diens aan die Here is in die eerste plek daarop gerig om die Here te verheerlik.

#### ***Amos 4:6-11 – Israel se onwilligheid om hulle te bekeer***

**6** Alhoewel **Ék** julle reinheid van tande gegee het in al julle stede en broodsgebrek in al julle woonplekke – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die **HERE**. **7** Alhoewel **Ék** die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; **8** en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die **HERE**. **9** Ek het julle met brandkoring en met heuningdou swaar getref, baie van julle tuine en julle wingerde en julle vyebome en julle olyfbome het die sprinkaan verslind – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die **HERE**. **10** Ek het die pes onder julle gestuur, op die manier van Egipte; Ek het julle jongmanne met die swaard gedood saam met die wegvoering van julle perde; en Ek het die stank van julle laer laat opstyg, ja, tot in julle neus – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die **HERE**. **11** Ek het julle

**omgekeer soos God Sodom en Gomorra omgekeer het, sodat julle soos 'n stuk brandhout was wat uit die vuur geruk is – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE.**

Die woorde **reinheid van tande** en **broodsgebrek** sê dieselfde. Tussen die tande van die volk was daar geen spoor van kos te vinde nie, want die Here het hulle in al hulle stede en in al hulle woonplekke met hongersnood getref. In 2 Konings 6:24-7:20 lees ons van so 'n hongersnood waarmee die Here Samaria getref in die dae toe Joram koning was in Israel (852-841vC). Hongersnood is een van die strawwe waarmee die Here sy volk dreig wanneer hulle van sy verbond afwyk (Lev 26:26; Deut 28:17, 38, 48).

Alhoewel die Here Israel al met so 'n groot hongersnood getref het, het hulle hulle nogtans nie tot die Here bekeer nie.

Op 'n kritieke tyd – **drie maande voor die oes** – het die Here die reën teruggehou. Die Here het droogte oor die land beskik, omdat die volk sy verbond verbreek het (Lev 26:18-19; Deut 28:23-24). Dit het tot gevolg gehad dat die oes misluk het. Ander kere het die Here dit net op seker plekke laat reën terwyl ander plekke droog gebly het.

Gevolgtlik was daar watergebrek in groot dele van die land. Dit was so erg dat twee, drie stede se inwoners al slingerend na een stad gestrompel het om water te kry, maar dit het nie hulle dors geles nie, want dit was te min.

Alhoewel die volk geweet het dit is die Here wat die reën van hulle terughou, soos in die dae van koning Agab van Israel (874-853vC)(vgl. 1 Kon 17:1-18:46) en hulle bitter swaargekry het as gevolg van die droogte, het hulle nogtans nie na die Here teruggekeer nie.

Die Here het selfs plantsiektes – **brandkoring** en **heuningdou** – oor sy volk se gesaaides beskik. Hierdie plantsiektes het die vooruitsigte op goeie oeste 'n knou gegee. Afgesien van die plantsiektes het die Here ook die sprinkane gestuur om hulle tuine, wingerde, vyebome en olyfbome te verslind. Israel het uit die mond van die Here self geweet dat hierdie plantsiektes en sprinkane sy tug oor hulle is vanweë hulle

ontrou teenoor Hom (Lev 26:20; Deut 28:18, 22, 30, 38-40, 42). En in hulle eie verlede het hulle al gesien hoe die Here hierdie dinge oor hulle beskik. Maar nogtans het hulle hulle nie tot die Here bekeer nie.

Oorloë en pes het die volk getref. Deur oorloë het baie van hulle jongmanne gesterf en is hulle perde – dit waarop Israel vertrou het – weggevoer. Die peste waarmee die Here die Egiptenaars getref het, was aan die hele Israel goed bekend en hulle het almal geweet dit is die Here wat daardie peste in Egipte aangerig het. Oor die tugtiging was Israel ook nie onkundig nie. Dit is dinge waarvoor die Here hulle van die vroegste tye van hulle bestaan as volk gewaarsku het (Lev. 26:16-17, 25, 31-39; Deut. 28:21-22, 25-27, 35, 49-52, 59-61; 29:23-28). Maar nie eers die oorloë en peste of selfs die stank van die lyke in hulle neuse het hulle daartoe gebring om na die Here terug te keer nie.

Sommige van die stede van Israel is al selfs omgekeer soos wat God Sodom en Gomorra omgekeer het. Met hierdie woorde word verwys na die totale vernietiging van stede, soos Sodom en Gomorra, maar nie op dieselfde wyse nie. En uit die stede het daar net 'n klein klompie oorgebly wat **soos 'n stuk brandhout uit die vuur geruk is**. Selfs hierdie erge tugtiging het nie veroorsaak dat Israel se oë oopgaan en hulle hulle tot die Here bekeer nie.

In hierdie reeks van sewe tugtigings wat die Here al oor sy volk beskik het – hongersnood (Amos 4:6), droogte (Amos 4:7-8), plantsiektes (Amos 4:9), sprinkane (Amos 4:9), pes (Amos 4:10), oorloë (Amos 4:10) en verwoesting (Amos 4:11) – word dit duidelik dat die tugtiging elke keer in intensiteit vermeerder. Die Here wil met die kleinste moontlike tugtiging sy volk tot nuwe insigte bring. Dit doen Hy uit liefde. Maar elke keer wanneer die volk nie luister nie, word die hand van die Here swaarder op sy volk.

#### ***Amos 4:12-13 – Die onvermydelike uitkoms***

**12 Daarom sal Ek só met jou handel, o Israel; omdat Ek só met jou sal handel – maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel! 13 Want kyk, Hy wat die berge formeer en die wind skep en aan die mens sy gedagte bekend maak, wat die**



**dageraad duisternis maak, wat op die hoogtes van die aarde wandel, HERE, God van die leërskaie, is sy Naam!**

Israel se onwilligheid om hulle tot die Here te bekeer selfs na soveel eeue se geduld wat die Here met sy volk geopenbaar het en selfs na sovele tugtigs wat die Here uit liefde hulle aangerig het – in Amos 4:6-11 word tot sewe tugtigs genoem – , lei tot die onvermydelike – Israel moet gereed maak om haar God te ontmoet (vgl. Eks 19:10-19; 2 Kor 5:10). Hierdie keer moet Israel haar gereed maak om God te ontmoet, maar hierdie oproep is nie tot bekering nie. Dit is 'n oproep tot oordeel. Israel word voor die regterstoel van God gedaag.

Israel moet hulleself vergewis wie die God is wat hulle gaan ontmoet. Hy is die almagtige Skepper van hemel en aarde – **Hy wat die berge formeer en die wind skep**. Hy deurgrond die mens absoluut – Hy wat **aan die mens sy gedagte bekend maak**. Hy is die volkome regeerder van sy skepping – Hy **wat die dageraad duisternis maak**. Hy is hoog bo alles wat bestaan verhewe – Hy **wat op die hoogtes van die aarde wandel** (vgl. Miga 1:3-4). En indien daar nog enige twyfel by die volk bestaan oor wie die Here is wat met hulle praat en vir wie hulle moet ontmoet, sê die Here self wie Hy is – **HERE, God van die leërskaie, is sy Naam!**